




## JESUS OORGELEWER AAN PILATUS

Mar 15:1-15 Die môre vroeg het die priesterhoofde saam met die familiehoofde en die skrifgeleerdes dadelik as volle Joodse Raad 'n vergadering gehou. Hulle het Jesus geboei en Hom toe weggebring en aan Pilatus uitgelewer. (2) Pilatus het vir Hom gevra: "Is jy die koning van die Jode?" Jesus antwoord hom: "Dit is soos u sê." (3) Die priesterhoofde het Hom van baie dinge beskuldig. (4) Pilatus het Hom toe verder ondervra. "Verweer jy jou glad nie?" het hy gevra. "Kyk waarvan beskuldig hulle jou alles." (5) Jesus het egter niks meer gesê nie, sodat Pilatus verbaas was. (6) Elke paasfees het Pilatus vir die mense een gevangene, die een wat hulle gevra het, losgelaat. (7) Daar was 'n man met die naam Barabbas in die tronk saam met ander opstandelinge. Hulle het tydens die opstand moord gepleeg. (8) Daar het toe juis 'n klomp mense gekom en Pilatus gevra om vir hulle te doen wat hulle van hom gewoond was. (9) Pilatus vra hulle toe: "Wil julle hê ek moet die koning van die Jode vir julle loslaat?" (10) Hy het geweet dat die priesterhoofde Hom uit afguns uitgelewer het. (11) Hulle het die mense egter opgesteek om te vra dat hy liever Barabbas vir hulle moet loslaat. (12) Pilatus het weer vir hulle gevra: "Wat wil julle dan hê moet ek met hom maak wat julle die koning van die Jode noem?" (13) "Kruisig hom!" skreeu hulle. (14) "Waarom? Wat se kwaad het hy gedoen?" vra Pilatus hulle. Maar hulle skreeu nog harder: "Kruisig hom!" (15) Omdat Pilatus die mense hulle sin wou gee, het hy Barabbas toe vir hulle losgelaat en Jesus laat gesel en Hom oorgelewer om gekruisig te word.

### SAAM-PRAAT-VRAE:

1 Is daar enige nuwe insig wat jy van hierdie gedeelte gekry het ?

2 Hoe verstaan jy nou die frase van die belydenis wat sê: ek glo in JC.....wat gely het onder Pontius Pilatus ? Wat is jou prentjie van Pilatus nou ?



3 Wat in hierdie gedeelte en elders in die Bybel laat ons beseef Jesus is die groot *Lydende Dienaar* ? (vg look Jesaja 53)

4 Watter troos bring dit vir ons om te weet dat Jesus ware lyding ken ?

5 Waarom het Jesus hierdie lydingspad geloop ?

6 Wat beteken dit vir ons dat Jesus as onskuldige gely het en selfs Barabbas se plek ingeneem het?

7 Hoe is dit moontlik dat mense Barabbas bo Jesus verkies het? Noem voorbeelde van watter dinge en persone sommige mense vandag nog bo Jesus verkies?

8 Hoe kan ons Jesus se voorbeeld volg in die praktyk om lyding en onreg teen ons te verdra ? (vgl 1 Petr 2:20-24)